Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Devigi Pillay**
Direktoraat: Diensvoordele
Devigi.Pillay@westerncape.gov.za | 021 467 2477

Lêerno.: 3/3/R
Verwysing: IMS 20230302-2032

Omsendbrief: 0008/2023
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Adjunkdirekteure en erkende werknemerpartye

Kort opsomming: *Nuwe verlofaansoekvorm (H.1) vir skoolgebaseerde opvoeders.*

**Onderwerp: Implementering van die nuwe verlofaansoekvorm (H.1) vir skoolgebaseerde opvoeders**

1. Op 13 Julie 2022, het die Minister van Basiese Onderwys die nuwe Personeeladministrasiemaatreëls (PAM) in *Staatskoerant* No. 46879 van 09 September 2022 gepubliseer.

2. Die nuwe *PAM*-dokument bevat, onder andere, veranderinge wat aan Hoofstuk H aangebring is, veral met betrekking tot die inhoud van die verlofaansoekvorm (H.1), wat deur skoolgebaseerde opvoeders gebruik moet word.

3. Met verwysing na die bogenoemde veranderinge, word skole hiermee in kennis gestel dat die Z1 (a)-verlofaansoekvorm nie meer gebruik behoort te word nie. Met ingang van 01 April 2023 is dit dus verpligtend dat alle skoolgebaseerde opvoeders die H.1-verlofaansoekvorm gebruik wanneer aansoeke vir enige tipe verlof ingedien word. Neem ook kennis dat tydelike ongeskiktheidsverlof hierby uitgesluit is, soos uiteengesit in die *Beleid en Prosedure rakende Ongeskiktheidsverlof en Uittrede weens Swak Gesondheid* van Augustus 2021.

4. Die H.1-verlofaansoekvorm is as Bylae A by hierdie omsendbrief aangeheg.

5. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle skoolgebaseerde opvoeders onder hul toesig te bring en voortaan nakoming daarvan te verseker.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-03-20